

## DIE AFRIKAANSE TAAL

Die Afrikaanse taal is sy besondere, eie karakter verskuldig aan die saamhorigheid van die Afrikaanse volk met Suid-Afrikaanse bodem.

Só pas ons taal by ons land, dat twee Engelse Suid-Afrikaanse skrywers, die Hobson broers, in Afrikaans skryf as hulle dit het oor tiepies Afrikaanse onderwerpe. Alleen in Afrikaans kan hulle die waaragtige woorde vind om ons landskap, inboorlinge en wilde diere te beskryf. — Hoeveel te meer is Afrikaans nie die enigste uitdrukkingvorm vir 'n Afrikaner nie!

Sulke Engelse Suid-Afrikaners soos die Hobson broers dra ook hulle deel by tot die opbou van ons volkskultuur.

Daar is egter Engelse in ons land wat die Afrikaanse taal ignoreer; besigheids-mense wat hul werkers uit Engeland laat kom, terwyl tweetalige Suid-Afrikaners werkloos bly; mense wat Suid-Afrika alleen gebruik om ryk te word, om dan die rykdom wat hulle in ons land verwerf het, in hul „home” oorkant die see, te spandeer.

Teer sulke mense is ons taal 'n wapen en 'n skild, deurdat ons in winkels en kantore absoluut daarop staan om in Afrikaans bedien te word.

Ons eie taal in ons eie land! — is dit teveel gevra?

Met ons taal kan ons ons volksbestaan handhaaf, maar nog meer, met ons taal kan ons verder bou aan ons volksbestaan. Ons bou-stene is die toesprake en boeke en gedigte, waarmee ons herinner aan 'n grootse verlede, moed inpraat vir die hede, hoop gee vir die toekoms.

In die begin van ons taalstryd is ons letterkunde uit pure patriotisme voortgestoot. Vandag is die tyd ryp dat ons letterkunde op eie meriete voortbestaan. En dit kan! Daar is mooi Afrikaanse boeke en inspirerende gedigte wat gretig gelees word, maar in 'n leserskring so klein, dat uitgewers bang is om boeke uit te gee, wat nie vir die skole kan voorgeskryf word nie.

Hoe kan ons letterkunde sy grootse taak vervul as skoollektuur die toets is?

Maar ons volk is klein en 'n gedeelte van ons volk is arm. En tengevolge van ons klein lesende publiek, is ons boeke duur... te duur vir dié gedeelte van ons volk wat arm is. En dis juis hulle wat alles in ons vryheidsstryd verloor het; hulle wat gebreek is deur die vreemde ekonomiese toestande van na die oorlog, — wat die boodskap van moed en hoop die meeste nodig het.

Die eerste vereiste vir Afrikaanse letterkunde vandag, is 'n groter leserskring. Ons lees Hollands, waarom word in Holland nie meer Afrikaans gelees nie? — Natuurlik, die Hollandse letterkunde is oud en ryk... dis die bron waar ook ons by kom drink. En die



Mooi Afrika

Afrikaanse letterkunde is nog maar in sy begin stadium. Maar oud-Hollands was die wortel waaruit beide die Hollandse en Afrikaanse tale gespruit het. Kom Ouboek Holland, reik Kleinboek Suid-Afrika die hand. Afrikaanse boeke sal 'n nuwe gezigskring vir u open: u sal 'n blik werp in ons geskiedenis, ryk aan heldedade; u sal 'n vergesig hê oor ons wye vlaktes en grillige bergreekse aan die horison blou zien kleur. Die Hollander wat Afrikaans lees, sal ook die armoede leer ken en die verwarring wat na die Boere-oorlog met allerhande vreemde elemente ons land binnengedring het; en die vloek wat goud en diamante kan wees. Daardeer sal julle ons stryd des te beter begryp. En julle sal ook die boodskap lees van patriotte soos Jan F. E. Celliers, wat op God vertrou en glo in die toekoms van ons volk:

Wees sterk!  
Daar 's nasie te lei,  
daar 's stryd te stry,  
daar 's werk!  
Daar 's nie na guns of eer te kyk,  
daar 's nie na links of regs te wyk,  
daar 's net te swyg en aan te stryk,  
Komaan!

JOHANNA VAN BROEKHUIZEN